NOVEMBER 2019 **LAERSKOOL HERBERT HURD**
GRAAD 5 **AFRIKAANS EERSTE ADDISONELE TAAL** **PUNTE: 40**

- **Lees versigtig deur die instruksies.**
- **Werk asseblief netjies.**
- **Trek 'n lyn na elke afdeling.**
- **Beantwoord al die vrae.**

1. Begripslees. Hier volg inligting oor die Ndlovu-jeugkoor. Lees die stuk versigtig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

Ndlovu-jeugkoor

Die Ndlovu-jeugkoor het die beoordelaars omgeboul in die 14de seisoen van America's Got Talent.

Die koor bestaan al 10 jaar.

Die Ndlovu-jeugkoor kom uit Limpopo. Dit bestaan uit 23 koorlede en word deur Ralf Schmitt afgerig. Al die koorlede kom uit arm omstandighede. Baie van die kinders is weeskinders wat na hulle broers en susters moet omsien. Die koor het deurgedring tot die finaal van America's Got Talent. Hulle het ongelukkig nie gewen nie. Kodi Lee, 'n 22 jarige blinde sanger het gewen. Die Limpopo-regering het hulle R1 miljoen gegee en Simon Cowell het vir hulle 'n kontrak aangebied. Suid-Afrika is baie trots op die koor. Die woord Ndlovu beteken olifant in Zoeloe.

1. Beantwoord dié vrae in goeie, volsinne:

1.1 Aan watter internasionale kompetisie het die Ndlovu-jeugkoor deelgeem?

1.2 In watter jaar is die koor gestig?

1.3 Wie was hulle afrigter?

1.4 Wie het vir hulle 'n kontrak aangebied?

1.5 Wat beteken die woord Ndlovu? **(5)**

2. Is die volgende stelling waar of onwaar. Gee 'n rede vir jou antwoord as dit onwaar is.

2.1 Die Ndlovu-jeugkoor het die kompetisie gewen. **(2)**

3. Soek een woord in die stuk wat dieselfde beteken as die volgende. Skryf net die woord.

3.1 Kinders wat nie ouers het nie.
3.2 Mense wat in 'n koor sing.
3.3 Die teenoorgestelde van gelukkig **(3)**

4. Voltooi die sinne. Kies die korrekte antwoord. Skryf net die woord neer.

4.1 Ralf Schmitt is baie trots op (hom; hom se; sy) koor.
4.2 (Sy; Hy; Hom) rig die koor af.
4.3 Die meisie in die koor sing baie mooi. (Haar; Sy; Hare) het 'n mooi stem. **(3)**

5. Beskrywende woorde: Gee die regte vorm van die woorde tussen hakies. Skryf net die tweede sin neer.

5.1 My fiets is **groot.** Sy fiets is **groter** en jou fiets is die .....
5.2 Die tou is lank. Dit is 'n .... tou. **(2)**

6. Wat beteken die idioom?

6.1 Die handdoek ingooi. (Iemand slaan./ Jy gee op./ Jy het klaar geswem). **(1)**

7. Ontkenning: Skryf die volgende sinne oor in die ontkennende vorm. Skryf die sin.

7.1 Die koor het die kompetisie gewen.
7.2 Chloe lag. **(2)**

8. Direkte Rede: Skryf die volgende twee sinne oor en vul die regte leestekens in.

Pieter sê: "Sjoe, dit was 'n moeilike toets!"

8.1
8.2 **(2)**

9. Lees die TV-program en beantwoord die volgende vrae.

TV | DONDERDAG | 3 OKTOBER

M-NET	KYKNET	VIA
06:00 ♦ LATE LATE SHOW WITH JAMES CORDEN	06:00 DIE GROOT ONTBYT	06:00 ♦ STORIES WAT SAAKMAAK
07:00 ♦ AMERICA'S GOT TALENT	08:00 ♦ DIE BOODSKAP	06:30 ♦ BOSHOSPITAAL
08:00 ♦ BLUE BLOODS	08:15 LAPPIES	07:00 ♦ DIT PROE SOOS HUIS
09:00 ♦ THE AMAZING RACE	08:30 ♦ BINNELANDERS	07:30 ♦ OPGETOF
10:00 ♦ THE GOOD DOCTOR	09:00 ♦ GETROUD MET RUGBY	08:00 ♦ MINKI
11:00 ♦ MAN WITH A PLAN	09:30 ♦ KOKKEDOOR	08:30 ♦ DIE KLIEK
11:30 ♦ AMERICA'S GOT TALENT	10:30 ♦ BRAVO!	09:30 ♦ MY SAKPAS-TROUE
12:30 ♦ THE CHEF'S LINE	11:00 ♦ LA'T WIEL	10:00 ♦ DIE KONTRAK
13:30 ♦ MODERN FAMILY	11:30 ♦ KUNSVLYT	11:00 ♦ ETE VIR TWEE
14:00 ♦ WILL & GRACE	12:00 ♦ IN JAPAN, JA!	11:30 ♦ KAAP, KERRIE & KOESISTERS
14:30 ♦ THE VOICE	12:30 ♦ JAN BRAAI VIR ERFENIS	12:00 ♦ GELDHELDE
15:30 ♦ CARTE BLANCHE	13:00 ♦ ONTBYTSAKE	12:30 ♦ LANDBOUWEEKLIKS
16:30 ♦ BULL	14:30 ♦ VERSLAG	13:30 ♦ GROEN EN GOUD
17:30 ♦ THE CONNERS	15:30 ♦ SLANK	14:00 ♦ KOM ONS TROU, NOU!
18:00 AMERICA'S GOT TALENT	16:00 ♦ ALLES MALAN	15:00 ♦ LEATITIA SE TAXI
19:00 S.W.A.T. Aksiereeks. Die span word deur Hondo se nuwe romantiese belangstelling, assistentstaatsprokureur Nia Wells, aangestel om die jurielede in 'n omstrede omkoopsaak te beskerm.	17:00 ♦ FIËSTA	15:30 ♦ WRAAK MY MOOI
20:00 SUITS	17:30 ♦ LUI MAAR OP, BELINDA	16:00 ♦ DIE SKATTIES
21:00 PEARSON Dramareeks.	18:00 GETROUD MET RUGBY	16:30 ♦ TWEE BLONDINES OP TOER
22:00 OUTLANDER Periodedramareeks. Jamie en Claire soek na 'n eie blyplek in Amerika.	18:30 SUIDOOSTER	17:00 ♦ ETE VIR TWEE
23:10 LOVE ISLAND USA	19:00 ENUUS	17:30 KAAP, KERRIE & KOESISTERS
00:10 ♦ THE ROOKIE	19:30 BINNELANDERS	18:00 ♦ GELDHELDE
01:05 ♦ ORANGE IS THE NEW BLACK	20:00 KOKKEDOOR	18:30 ♦ LANDBOUWEEKLIKS
02:10 ♦ THE GOOD FIGHT	21:00 ONS BOERE, ONS INSPIRASIE	19:30 ♦ GROEN EN GOUD
03:15 ♦ THE ROOK	21:30 VERSLAG	20:00 KOM ONS TROU, NOU!
	22:00 ♦ SLANK	21:00 LEATITIA SE TAXI
	22:30 ♦ GETROUD MET RUGBY	21:30 ♦ WRAAK MY MOOI
	23:00 ♦ SUIDOOSTER	22:00 ♦ DIE SKATTIES
	23:30 ♦ BINNELANDERS	22:30 ♦ TWEE BLONDINES OP TOER
	00:00 ♦ ALLES MALAN	23:00 ♦ ETE VIR TWEE
	01:00 ♦ KWÊLA	23:30 ♦ KAAP, KERRIE & KOESISTERS
	02:00 ♦ SANDRA OP 'N DRAFSTAP	00:00 ♦ GELDHELDE
	03:00 ♦ DIE 9DE KYKNET FIËSTAS	00:30 ♦ LANDBOUWEEKLIKS
	04:30 ♦ SANDRA OP 'N DRAFSTAP	01:30 ♦ GROEN EN GOUD
		02:00 ♦ KOM ONS TROU, NOU!

Skryf net die antwoord. Jy moet nie 'n sin skryf nie.

9.1 Vir watter dag en datum is hierdie TV-program?
9.2 Hoe laat is America's Got Talent en op watter TV stasie is dit?
9.3 Watter sepie *(soapie)* is op Kyknet om 18:00?
9.4 Wie is die assistentstaatsprokureur in S.W.A.T.?
9.5 Hoe lank is Stories wat saakmaak? **(7)**

10. Lande. Kies die korrekte woord. Skryf die sin oor.

10.1 Die (Portigese; Portigaanse; Portugese) woon in **Portugal.**
10.2 Die **Italianers** woon in (Italia; Italië; Italie) en praat **Italiaans.** **(2)**

11. Kies die korrekte sin: Kyk na die leestekens

11.1 Ons het die uitstappie baie geniet maar dit was te warm.
11.2 Ons het die uitstappie baie geniet maar dit was te warm!
11.3 Ons het die uitstappie baie geniet, maar dit was te warm.

12. Dit is nou ...

12.1 drie-ure
12.2 drieuur
12.3 drie-uur

(2)

13. Skryf TWEE goeie sinne met die volgende woorde.

13.1 hart
13.2 hard **(2)**

14. Kies die korrekte selfstandige naamwoord. Skryf die sin.

loodgieter vlieënier posbode veearts werktuigkundige

14.1 Die ..... maak siek diere gesond.
14.2 Die ..... maak waterpype reg. **(2)**

15. Lees die gediggie oor en beantwoord die volgende vrae:



Oom Olifant

Oom Olifant jou reuse dier
Die mense lag vir hul plesier
Want waar het jy gehoor
Van 'n stertjie van agter en 'n stert van voor?

15.1 Soek 2 rymwoorde in die gedig.
15.2 'n Groot olifant, maar 'n klein ....
15.3 Skryf die onderstreepte sin in die verlede tyd.
15.4 Skryf die werkwoord in die sin neer: Die olifant drink baie water.
15.5 Maak een woord van die twee woorde: olifant + slurp **(5)**